

**Woensdag 28 Junie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 3:1-13 (1933/53-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 3:5, 9**

**Ons as gelowiges is deel van God se verborge plan**

In Efesiërs 3 deel Paulus met die gemeente in Efese die besondere roeping wat hy ontvang het ter wille van die gelowiges onder die heidene, die nie-Jode. Deur die openbaring van God aan Hom (3:2; sien Hand. 22:17 ens.) is die verborgenheid (*mysterion*, vs 5 en 9) aan Hom bekendgemaak. En wat is hierdie verborgenheid wat nou bekend gemaak word? Dat “die heidene mede-erfgename is en mededelede van die liggaam en mededeelgenote aan sy belofte in Christus deur die evangelie”.

Hierdie spesifieke deel van die raadsplan van God (1:9), wat deur die Ou Testament nog net voorspel is (bv. Gen. 12:3; Ps. 87; Jes. 2:2-4), word “nou” geopenbaar in die eerste eeu (vs 5). Hierdie “verborgenheid” is God se raads-plan om in die volheid van die tyd alles en al sy kinders onder een hoof in en deur Christus te verenig tot lof van sy grote Naam, in Hom uitverkies ... voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees” (1:4). Dit is die evangelie, die wonderlike nuus wat Paulus met die gelowiges in Efese deel, gelowiges uit die nie-Joodse volke. Maar nie net vir hulle nie, vir elke gelowige onder elke volk en stam en nasie is dit goeie nuus. Ook vir ons as gelowiges uit ’n nie-Joodse volk, die Afrikanervolk, dat so ’n groot genade ook aan ons bewys is. Ook ons as gelowiges is deel van God se verborge plan, wat nou geopenbaar word in die geskiedenis.

Dit beteken egter ook dat ons in ons land en die wêreld moet uitgaan om die goeie nuus te verkondig dat die “verborge” plan van God in vervulling ge-gaan het en dat alle gelowiges onder elke volk, stam, taal en nasie, nou saam mede-erfgename is in Christus.

*Sing: Psalm 87:1-5 (1936)*

*Ds S (Slabbert) le Cornu (Carletonville)*